

28 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Kon 12:33-13:34

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 7

Die onvergelykbaarheid van die Bybel

Ons Skrifgedeelte bring baie vrae in 'n mens se gemoed na vore. Ja, 'n mens het eintlik meegevoel met hierdie moedige man wat in 'n vreemde land voor 'n vyandige koning staande gebly het, net om deur 'n vriendelike kollega bedrieg te word. In ons oë is daar versagterende omstandighede. "Hy verdien 'n opgeskorte vonnis," sal ons sê. Dis eintlik die ouer profeet wat gestraf moet word.

Al die vrae wat hierdie vertelling na vore bring, kontrasteer met een groot en seker waarheid wat daarin uitgelig word: God is heilig jaloers daarop dat sy Woord nie aan mensewoorde gelyk gestel word nie. Die jonger profeet kry 'n direkte opdrag van God. Hy heg egter meer waarde aan 'n mens se woord. Ook vra hy nie die Here uit oor die "nuwe" opdrag wat indirek tot hom kom nie. Dit voel maar vir hom reg. So verloor hy sy lewe. As blywende waarskuwing lê sy liggaam langs die pad en sy beendere in 'n vreemde graf. In berou besluit die ouer profeet om sy lot te deel. "Ag, my broer!" treur hy oor hom, tot die dag van sy dood.

Behoort ons nie almal hierdie lot te deel nie? Hoeveel boodskappe, reëls en voorskrifte is oor die jare met Goddelike gesag opgestel en ongekontroleer ontvang? Tradisie, vergaderings, ouderdom, gewoontes en gesagsfigure maak dat ons alles vir soetkoek opeet. 'n Mens is tog maar 'n mens tussen mense! Dominees studeer nie meer nie en lidmate vat nie meer 'n Bybel saam kerk toe nie. Dit voel mos maar reg, nie waar nie?

God laat sy eie onvervalste Woord in 'n vreemde graf weglê, sodat leus en ewige berou nie ons voorland is nie. Sal ons nie juis hierom vandag met groter ywer na sy wil begin vra nie?

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~